

Vrydag 11 Maart

Skrifgedeelte: Jesaja 6:1-5; Openbaring 4

Fokusgedeelte: Jesaja 6:3; Openbaring 4:8

Hoe lyk dit in die hemel?

Hoe lyk dit in die hemel? Ons almal wonder ... Wat sal ons sien of beleef as ons daar ingaan? Sal dit mooier wees as die mooiste plek ooit op aarde? Sal dit meer aangenaam wees as die mees aangename wat ek ooit hier op aarde beleef het?

Beide Jesaja en Johannes is so bevoorreg om te beleef dat die deur vir hulle mag oopgaan ... En wat 'n verrassing!

Nee, nie wat ék wil sien of beleef, kom voor die geestesoog nie. Die klem val nie op die mens en sy voor- of afkeure nie. Beide Jesaja en Johannes sien dieselfde beeld in die hemel – 'n troon, hoog en verhewe, en God, die Ewige en Almagtige, sit daarop! Hy wat heers en regeer tot in alle ewigheid is die fokuspunt van wat in die hemel te siene is. Niks anders maak in die hemel saak nie. Of behoort ooit op die aarde saak te maak nie! Beide sien en hoor dat dié wat by God in die hemel is, net maar besig is met één aktiwiteit: hulle lofsing sonder om ooit te rus – heilig, heilig, heilig!

Hoekom sou hulle dit doen? Want hulle sien en beleef wat vir ons nog 'n spieël in 'n raaisel is, 'n onduidelike, geheimnisvolle beeld. Hulle sien en beleef die volle omvang van God se heiligheid, en kan nie ophou om Hom daarvoor te lofsing nie. Heilig, heilig, heilig!

God is heeltemal anders as 'n mens. Hy is 'n God van waarheid en liefde, van oordeel en genade, van die tydelike en die ewige ... Wanneer Hy genade en vergiffenis in sy Seun gee, en dit daagliks aan ons bevestig deur sy Gees, doen Hy wat geen mens groot of goed genoeg is om te doen nie, doen Hy wat geen mens ooit sou verwag nie.

Stel jou verwagting in om op Hom te fokus. Wag vir Hom ... Aktief, verlangend! Jaag, in voorbereiding op wat 'n werklikheid word wanneer Jesus kom, die heiligmaking na, waarsonder niemand die HERE sal sien nie (Heb. 12:14). Want hoe sou iemand wat in onheiligheid, in Godsveragting volhardend leef, ooit kan ingaan wanneer die deur na die hemel ook vir ons oopgaan?

Soek die dinge daarbo, en jy sal ook eenmaal inval in die stemmekeur van die ewigheid: Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige!

Sing: Psalm 68-1:2, 16

Ds. LSD du Plessis (Lourens) (Groblersdal)